

Peter Venter  
Gereformeerde Kerk Trinitas Oggenddiens  
2017-05-28  
Genesis 3  
Fokus – Vers 21

**God gee in Sy liefde die bedekking wat die skande van die sonde wegneem.**

**Inleiding:**

Verbeel jouself dat jy staan voor 'n reuse saal vol mense.

- Elkeen van daardie mense is daar om na jou te kyk.
- Mense van groot aansien sit op die punte van hulle stoele om na jou te luister.
  - Die oomblik wat die kalklig op jou val, kom jy egter tot 'n skokkende besef.
    - Jy is kaal.
  - Jy is heeltemal ontbloot voor die oë van die skare.
    - Daarom bloos jy bloedrooi.
      - Jy kry skaam.
      - Jy is in die skande
  - Hierdie gevoelens is as gevolg van die sonde.
    - Die skande is die gevoel van skaamte as gevolg van die sonde.

Adam en Eva het hierdie skaamte soveel erger ervaar.

- Die mens het sy rug op God gedraai en gedoen wat verkeerd is.
  - As gevolg van hierdie sonde probeer die mens wegkruip om sy skaamte te probeer wegsteek.
    - God weet egter wat gebeur het.
      - God het nie bewysstukke nodig nie.
      - Hy is alwetend.
    - Soos misdadigers is die mens uitgevang deur God.
- Adam en Eva is bedek met vyeblare wat getuig van die sonde.
  - Adam en Eva wil hulle skande met vyeblare toemaak.
  - Hierdie vyeblare bedek dalk die skaamte.
    - Maar die skande van die sonde kan egter nie weggesteek word nie.
    - Juis dan, wanneer Adam en Eva nie kan wegkruip nie, wanneer ons nie kan wegkruip nie, openbaar God Sy voorsienigheid.

- Hy begin om die verhouding tussen God en mens te herstel.
  - God gee in Sy liefde die bedekking wat die skande van die sonde wegneem

### **1. God ontbloot die skande van die mens se sonde.**

Die sonde van die mens het veroorsaak dat die verhouding tussen God en die mens verbreek is.

- Die sonde het geweldige invloed op die mens se verhoudings in elke opsig.
  - Daarom raak Adam en Eva ook vervreemd van mekaar.
  - Adam en Eva is ook skaam voor mekaar.
    - Die verhouding waarin God man tot vrou geskape het is ook verbreek.
    - Hulle poog om hulle naaktheid ook vir mekaar weg te steek.
- Hulle werk vyeblare aanmekeer vas om die nodigste toe te maak.
  - Die mens probeer egter tevergeefs om die gevolge van die sonde weg te steek.
- Die Hebreëus vir die klere wat Adam en Eva gedra het, kan vertaal word met vodde.
  - Dit was armsalige klere wat nie werklik as klere beskou kon word nie.
    - Dit was skaars genoeg om hulle te bedek.
  - Die vyeblare is tog plante.
    - Die son sal die blare skroei en dit sal uitdroog.
      - Die blare word breekbaar.
      - Die blare is dus nie 'n oplossing nie.
- Die mens weet dat hierdie klere nie genoeg is nie.
  - Daarom gaan kruip hulle weg
    - Die mens kruip weg van God af omdat hulle weet dat hulle verkeerd opgetree het.

Dan roep God uit – Waar is jy?

- Hoekom dink jy roep God uit?
  - Hoekom roep God ook vandag na ons?
  - God roep want Hy wil regmaak wat verbreek is.
    - Dit wat verkeerd gegaan het wil God herstel.
  - God wil die gebroke verhouding herstel tussen Hom en die mens.
    - Hy roep uit na die mens as oproep tot sondebeseft.
    - Wanneer God vir Adam en Eva roep en vra waar is jy, vry Hy dit ook vir ons vandag.
      - Kyk rondom jou.

- Wat het jy gedoen?
      - Die sondaar in ons kan en wil dit nie raaksien nie.
  - Juis dan is dit weer God wat in sy groot genade deur sy Heilige Gees ons in skaamte laat staan en God wat hierdie skaamte raaksien.
    - God sien die skaamte van die mens raak.
      - God weet dat die skande oor die sonde en ongehoorsaamheid, die skaamte tot gevolg het.
      - Daarom is God se roep 'n uitroep van genade en liefde.
- Adam en Eva verskyn voor God in hierdie vodde klere.
  - Die mens is skaam, want die sonde het skande gebring oor die mens.
    - Die mens is nie net skaam vir sy naaktheid nie, maar is ook skaam om in hierdie naaktheid voor God te verskyn.
  - Die mens staan in totale weerloosheid voor God.
    - Die mens is sondig
    - Die mens is kaal
    - Die mens is skaam.
- Die mens staan voor God met die wete dat God straf
  - So is elke mens in sy sondeverlorenheid voor God ontbloot.
    - Selfs al probeer die mens, kan hy nie wegkruip of sy sonde wegsteek nie.
- God ontbloot die mens se sonde en skande en sy totale verlorenheid.

## **2. God neem die skande van die sonde weg:**

God vernietig egter nie die mens nie.

- God het in Gen. 2:17 uitdruklik vir die mens gesê dat as hy van die boom sou eet hy sekerlik sal sterf.
  - Tog laat God nie die mens fisies sterf nie.
- God openbaar Sy liefde deur hierdie blare weg te neem waar agter die mens probeer wegkruip.
  - In die plek van die blare bedek God die mens met velklere.
- In vers 21 lees ons duidelik dat God die mens beklee.
  - God is die inisieerder.
  - Hy trek die klere vir die mens aan.
    - Hy gee nie net die klere en laat dit oor aan die mens om vir homself te sorg nie.
- Hy gee velklere aan die mens.
  - Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word kan vertaal word met "kleed"

- Hierdie klere wat God gee is voldoende.
  - Die kleed is lank en bedek die hele liggaam
    - Hierdie kleed bedek die skaamte.
- Die mens word nou uit die tuin uit gestuur.
  - Die klere wat God nou aan die mens gegee het, is genoeg om hom te beskut in die vreemde.
    - Hierdie kleed droog nie uit nie.
    - Hierdie kleed is nie net tydelik nie.
- Daar is egter 'n baie dieper betekenis aan hierdie velklere.
  - Die velklere beteken dat 'n dier opgeoffer moes word om die klere te kon maak.
  - Bloed moes vloei om die mens se skaamte te bedek.
    - Net so was 'n Bloedoffer nodig om sondes te bedek of te versoen.
    - Diereoffers kon egter nie die mens se sondeskande volkome wegneem nie.
      - Die skaamte is ongelukkig net 'n simptoom van die sonde.
      - Die bloed van 'n offerdier is egter nie genoeg om die sonde weg te neem nie.
        - Die skande is steeds op die mens.
          - Die mens is daarom ook nog skaam.
  - Deur die verloop van die Ou Testament sien ons duidelik dat bloed moes vloei om die sonde te bedek.
    - Deur die profete word dit egter duidelik gemaak dat daar 'n volmaakte offer sal kom om die skande weg te neem.
      - *Joël 2: 26 troos met die woorde - Julle sal oorgenoeg hê om te eet, julle sal die Naam van die Here julle God prys, Hy wat wonders vir julle gedoen het. My volk sal nooit weer in die skande kom nie.*
  - Deur die offerdier is die skaamte weggeneem.
    - Die velklere dra die belofte dat die skande weggeneem gaan word.

Christus het die skande van die sonde op hom geneem.

- Christus betaal die prys vir die skande wat die mens deur die sonde gebring het.
  - Christus het verseker dat al ons sonde volkome vergewe is.
    - Die skande rus dus nie meer op die mens nie.
      - Ons hoef nie meer skaam te wees nie.
  - *Hy het volkome ontbloot en verneder aan die kruis gehang, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, <sup>8</sup>het Hy*

*Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. (Fil. 2:7-8)*

- *Hulle sê toe vir mekaar: "Ons moet dit nie skeur nie. Kom ons loot wie dit moet kry." Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word waar dit sê: "Hulle het my klere onder mekaar verdeel, en vir my kleed het hulle geloot." (Joh. 19:24)*

- Die mens het sy rug op God gedraai deur te sondig en weg te kruip.
  - Tog het God die mens kom soek.
    - Christus dra die skande deur skandelik Godverlate aan die kruis te hang.
    - Hebreërs 12:2 beklemtoon hierdie skande as die skrywer sê: *die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God.*
- Christus oorwin egter die dood.
  - Hy oorwin die skande van die sonde.
  - Hy verseker dat ons skande weggeneem word.
    - Ons kan nou onbeskaamd voor God staan.
    - Ons is nou bekleed met die heerlikheid van Christus.
  - God voorsien die kleed van geregtigheid wat die mens se sonde vir eens en vir altyd wegneem.
    - Hierdie kleed regverdig ons voor God.
      - Dit beteken God sien ons nie meer as sondig nie.
      - Hy sien ons as sondelose mense.

### **3. Laat God toe om jou te bedek:**

- Probeer jy nog om vir God weg te kruip?
  - Dit is sinneloos.
  - God is alwetend
    - God het nie bewysstukke nodig nie.  
*Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. <sup>2</sup>Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. (Ps. 139:1 en 2)*
- Die Heilige Gees werk aktief in ons harte sodat ons die vodde kan uittrek.
  - Die skande is nie meer daar nie.

- Die skande is volkome weggeneem van ons af.
  - Deur die kruisdood is die sonde weggeneem.
    - Daarom hoef ons nie meer skaam te wees nie, want die skande van die sonde is weggeneem.
    - Die Gees neem die skaamte weg uit ons harte.
      - Die Heilige Gees maak ons gewillig om die kleed te aanvaar.
  - *Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie.* (Rom. 6:6)
  
- Laat God toe om jou te bedek.
  - God is die enigste een wat die skaamte van die sonde kan wegneem.
  - Laat die Gees jou daarom beklee met die heerlijkheid van Christus.
    - Vir die kinders – Ons is nou toegemaak in Christus.
    - Christus is rondom ons soos die klere wat aan jou lyf is.
      - Maar nog meer as dit is God ook in ons.
        - Hy is in ons deur sy Gees wat in elkeen van ons is wat hier sit en luister vandag.
    - Leef met die wete dat Christus jou sonde volkome weggeneem het.
      - Moenie meer skaam wees nie.
    - Bid dat die Gees ons harte gewillig sal maak om hierdie klere te aanvaar.
  
- Ons hoef nie meer skaam te wees nie.
  - Aan die kruis is die skande volkome weggeneem.
    - Daardie houvas wat die sonde op die mens gehad het, is afgegooi.
      - Ons ou klere is weggevat en Christus bedek ons met Sy verlossingskleed dat ons ook nie meer skaam hoef te wees nie.
      - *Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei.* (Heb. 10:19-20)

### Slot:

- Geliefdes, daar is nie genoeg vyblare op aarde om ons te in die regte verhouding met God te plaas nie voor God nie.
  - Ons voel steeds die skaamte van die sonde.

Tel jou kop op.

- Moenie skaam wees nie
- Ons is bekleed met Christus
  - Ons hoef nie meer skaam te wees nie.
  - Die skande is weggeneem.
  - Met die koms van Jesus Christus sal ons volkome hierdie heerlikheid ervaar.
- Daarom word ons ook aangemoedig om te leef as mense wat verlos is, met die oog op die wederkoms.
  - Die sonde is oorwin.
  - Die skande is weggeneem.
  - Ons hoef nie meer skaam te wees nie.
    - Daarom kan ons saam met Paulus bely:
- *Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe,*